

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## **VREEMDE VUUR: WIE...? EK...?? NOOIT NIE...!??**

*En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. Daarop het daar vuur van die aangesig van YHVH uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van YHVH. Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat YHVH gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly. Lev.10:1 tot 3*

Dit is noodsaaklik dat elkeen wat getuig van vertrouwe (geloof) in die God van Abraham, Isak en Jakob, en in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias, moet nadink oor die gebeure aangaande Nadab en Abihu!! Daar word egter nie graag gepraat oor die waarskuwing wat in hierdie Skrifgedeelte vervat is nie, want dit pas nie in by moderne teologiese siening en 'n gemaksugtige Christenleefwyse nie.

Sommige sien die Nadab-Abihu-gebeure egter nie meer as van toepassing nie, omrede hulle glo dat onder die genade van die hernieude verbond is hul vry van die wet (die Torah – YHVH se onderrig en instruksies). Daar word egter vergeet dat al hierdie dinge wat met Israel gebeur het, opgeskryf is om as voorbeeld en waarskuwing aan ons te dien.

*Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom (1 Kor. 10:11 – PWL Vertaling).*

Elkeen van ons behoort dus te vra: Is ek nie dalk ook soos Nadab en Abihu skuldig nie? Is ek seker dat ek as priester (1 Pet. 2:9) nie dalk ook 'vreemde vuur' in die Teenwoordigheid van YHVH bring nie? Reageer jy hierop ook soos wat ek aanvanklik op hierdie vrae gereageer het met 'n onmiddelijke: Wie...? Ek...? Nooit nie...!!

Die feit dat die Skrifte melding maak van die dood van Nadab en Abihu, pas nadat hulle afgesonder (geheilig) was en met hulle dienswerk in die tabernakel begin het, behoort ons elkeen tot 'n selfondersoekende stilstand te ruk! Beide was opgelei en ingelig oor wat YHVH van hulle as priesters vereis het. Hulle het 'n sewe dae wydingseremonie ondergaan en was deur YHVH as afgesonder (heilig) verklaar en as gereed vir dienswerk in die Tabernakel. Nogtans het hulle strydig met die onderrig en instruksies van YHVH opgetree. Nadab en Abihu het YHVH se onderrig en instruksies verontagsaam, of miskien gewysig in die oortuiging dat dit dieselfde eindresultaat en YHVH se goedkeuring sal hê! Is ons nie geneig om dieselfde te doen nie?

Was dit doelbewuste rebellie en sonde teen YHVH of het hulle met goeie bedoelings opgetree? Hulle was immers deur YHVH self afgesonder (geheilig) as priesters en uitverkies uit die res van Israel. Beide het ook saam met Moses en die oudstes van Israel op uitnodiging van YHVH op die berg Sinai geklim om in YHVH se teenwoordigheid te wees (Ex. 24:1). Hulle het beslis die guns van YHVH ervaar!! Het dit nie vir hulle dan 'n mate van 'vryheid' gegee om na eie goeddinke op te tree nie? Het hulle nie net in 'n oomblik van swakheid dalk vergeet wat is rein en onrein nie? Was 'n gebrek aan praktiese ondervinding nie dalk die probleem nie?

Hierdie is 'n baie belangrike vrae, want so maklik kan ons onself in hierdie situasie bevind. As 'n uitverkore geslag en as 'n koninklike priesterdom en as 'n afgesonderde volk (1 Pet. 2:9) is ons nie verhewe bo 'n Nadab en Abihu nie!! Indien ons eerlik is, dan kan ons in vele opsigte met beide van hulle identifiseer!

Nou kan ons ook vra: Was YHVH se oordeel nie te kras nie? Beide Nadab en Abihu het tog pligsgetrou die priesterlike wydingseremonie van sewe dae ondergaan! Hulle was tog die seuns van Aäron – wel jonk en onervare!! Dan was dit ook hulle eerste oortreding!! Wat van vergifnis en genade?? Was hulle optrede dalk nie bloot weens hulle ywer nie? Dit is tog sekerlik verstaanbaar en verskoonbaar!? Wat van die groter verantwoordelikheid en verhoogde 'werkslading' wat toe op die skouers van die oorblywende twee priesters, Eleasar en Itamar, gerus het? Wat van die priesterlike nageslag wat uit die seuns van Aäron moes voortkom en waarvan die kanse nou met 50% verminder het? Het YHVH dan nie hieraan gedink of dit in aanmerking gebring nie? Was Nadab en Abihu se oortreding werklik so ernstig dat dit die dood verdien het? Hulle het tog tot en met hulle sterwe geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob! Hulle het nie YHVH verwerp nie!

Al bogenoemde vrae en redenasies is sekerlik uit 'n menslike oogpunt sinvol!? **MAAR** ons het te doen met YHVH Skepper-God wat nie 'n mens is nie, maar 'n waarmaker van Sy Woord is en wat nooit verander nie (Num. 23:19; Mal. 3:6; Heb. 13:8). Volgens Sy Woord het YHVH bepaal wat rein en onrein is en wat afgesonder (heilig) en onafgesonder (onheilig) is. As priesters moet ons hierdie onderskeid kan maak (Lev. 10:10) en ander so

ook leer (Eseg. 24:33). YHVH se Torah is Sy onderrig en instruksies in reinheid, heiligmaking en geregtigheid en ons moet dit nougeset nakom!

Verder moet ons besef dat slegs dit wat rein en afgesonder is, in YHVH se Teenwoordigheid mag kom. Dit wat rein is, mag nie met die onreine vermeng word en dan as offer (aanbidding, dienswerk) aan YHVH gebring word nie. Net so mag ons nie dit wat heilig (afgesonder) is met dit wat onheilig is, vermeng nie, want die onreine en onheilige is vreemde vuur. Nadab en Abihu het vreemde vuur in die Teenwoordigheid van YHVH gebring en dit het veroorsaak dat daar vuur van die aangesig van YHVH uitgegaan het en hulle verteer het.

*Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit **en vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie.** Lev. 10:2*

Ons kan bespiegel oor presies wat die vreemde vuur was. Byvoorbeeld: Het Nadab en Abihu dalk wyn of sterk drank gedrink en toe in die tent van samekoms ingegaan (Lev. 10:9)? Het hulle die nodigheid van die dra van die priesterlike klere in die teenwoordigheid van YHVH dalk veronagsaam. Miskien was die gloeiende kole in hulle vuurpanne vanaf 'n ander bron as van die brandofferaltaar? Wou hulle nie miskien op hulle eie skeppende wyse uitdrukking aan hul liefde en ywer vir YHVH gee nie? Daar is vele ander moontlikhede wat ook oorweeg kan word. Die feit bly egter dat beide op 'n wyse gehandel het wat strydig met YHVH se onderrig en instruksies was. Hulle het YHVH se Torah, Sy onderrig en instruksies, oortree! Nadab en Abihu het op 'n wyse gehandel wat volgens hul eie standaard aanvaarbaar en goed gelyk het, maar hulle het egter nie aan YHVH se geregtigheid voldoen nie (Matt. 6:33).

Dit is duidelik dat onkunde, of enige ander rede, nie as versagtende omstandighede in die guns van Nabab en Abihu aanvaar sou word nie, want YHVH sal nie van Sy onderrig en instruksies afwyk of dit wysig nie. Dit is die les wat ons uit hierdie gebeure ter harte moet neem!! YHVH, ons Vader, het sy 'huisreëls' opgestel. Dit wat op aanbidding en dienswerk in die Tabernakel van toepassing was, is steeds op ons as die tempel van God van toepassing (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19). Dieselfde beginsels geld steeds!! Onthou: Ons eie geregtigheid, naamlik ons eie pogings, beslissings en oordele, is niks meer as 'n besoedelde kleed wat ons in YHVH se Teenwoordigheid bring (Jes. 64:6).

As koninklike priesterdom wat deur die kosbare bloed van Yeshua duur gekoop en afgesonder is, moet ons dus baie versigtig wees om nie met groot ywer of menslike wysheid ons eie geregtigheid op te rig nie. Ons moet YHVH se geregtigheid, soos dit deur Yeshua Messias openbaar gemaak is, soek, ken en daarvolgens lewe. Indien ons goed luister na die stem van YHVH ons God, om sorgvuldig al Sy gebooie wat Hy ons beveel het te onderhou (Deut. 28:1), dan sal die lot van Nadab en Abihu ons nie tref nie.

Laat ons die woorde van Moses aan Aäron ook op ons van toepassing maak en dit nooit te vergeet nie:

*Dit is dit wat YHVH gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik (Lev. 10:3).*

Ons kan slegs in YHVH se Teenwoordigheid staan wanneer ons Hom ken, verhoog en vereer as die Afgesonderde (die Heilige). Indien ons dit wat onrein en nie afgesonder is nie (onheilig is) in Sy teenwoordigheid bring, sal YHVH se vuur ons verteer.

Dit is beter om bereidwillig te wees dat YHVH se vuur ons daaglik reinig as wat Sy vuur ons eendag totaal gaan verteer. Wanneer ons toelaat dat Hy die Silwersmit is wat ons smelt sodat alle onsuiverhede uit ons lewe verwyder word (Ps. 66:10), dan sal ons staande bly die dag as Hy verskyn. Dan kan ons in Sy Teenwoordigheid kom, want dan is ons 'n lewende, afgesonderde en welgevallige offer aan God (Rom. 12:1). Dan is ons rein en afgesonder en sal ons met dit wat rein en afgesonder is vir YHVH, ons Vader, vereer en verhoog.

Nadab en Abihu dien as waarskuwing dat die een wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor. 10:12). Dit is 'n herinnering dat dit wat ons by wyse van ons alledaagse lewe aan YHVH offer volgens Sy voorskrifte (Torah – onderrig en instruksies) moet wees. Sy wette, voorskrifte en insettinge kan nie herskryf word om by ons aan te pas nie.

Niemand kan dit bekostig om te vergeet dat die God wat ons dien ook 'n verterende vuur is (Deut. 4:24; Heb. 12:29).

*Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. Mal 3:2.*

Laat ons in hierdie dae onthou dat alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe sodat ons deur volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte 'n versekerde verwagting kan hê (Rom. 15:4).

Wat is hierdie versekerde verwagting? Ons het die sekerheid dat deur die guns in Yeshua, en deur die werking van die Ruach HaKodesh (Heilige Gees), sal ons YHVH ken as die Afgesonderde en sal ons as afgesonderd en rein in Sy Teenwoordig kan staan met die vuur wat YHVH self aan die brand gestek het. Die lot van Nadab en Abihu hoef nie ons lot te wees nie!!

Ons het ook die versekering dat wanneer ons YHVH volgens Sy onderrig en instruksies vereer en vehoog as die Afgesonderde een, dan sal Sy Shekinag Teenwoordigheid (Heerlikheid) aan ons verskyn (Lev. 9:6 en 23).

Laat ons reaksie ten opsigte van vreemde vuur van: 'Wie...? Ek...? Nooit nie...!!' verander na die gesindheid van die tollenaar wat kophangend op sy bors geslaan het terwyl hy uitroep: 'O God, wees my, sondaar, genadig!!' (Luk. 18:13). Ons almal is skuldig aan vreemde vuur wat ons dikwels aan YHVH ons Vader offer, MAAR deur genade onbeskryflik groot het Yeshua ook die skuld van Nadab en Abihu namens ons gedra. Nou kan ons sonder skuldias lewe en strewe om YHVH te vereer en te verhoog as die Afgesonderde Een.

Laat ons alle vreemde vure blus met die waarheid van 'n gehoorsame lewe as geregverdigde in Yeshua Messias!!

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel.

**E-pos:** [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

**Webwerf:** <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*